MELGISEDEK?

In 6:20 wys die skrywer daarop dat Jesus 'n ewige hoëpriester geword het. Van hier af, en in besonder in hoofstuk 7, word Hy met Melgisedek vergelyk. Maar wie was Melgisedek presies? Hoe moet ons sy plek en verhouding met Jesus Christus verstaan? Hebreërs verduidelik dit in hoofstuk 7:1-10.
Vanaf vers 1 word aan ons verduidelik wie Melgisedek was volgens Genesis 14:18-20.

- Hy was *"koning van Salem"* (die ou Jerusalem), asook *"priester van God"*. In Melgisedek was die ampte van koning en priester verenig.
- Maar daarmee saam het Melgisedek ook bekend gestaan as 'n *"koning van geregtigheid"* en as die *"koning van Salem"* – dit is die koning van vrede! In die betekenis van sy name was Melgisedek 'n tipe van Jesus Christus. Want Christus is die Vredevors wat regeer in geregtigheid (Jes.9:5,6; Jer.23:5,6; Sag.9:9).

In vers 3 word verder gekonsentreer op die priesterskap van Melgisedek.

- *"Hy was sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister"* [oav]. **Dit wys nie na sy persoon nie maar na sy amp**. Die Levitiese priesters het hul amp beklee volgens oorerwing. Hulle moes uit priesterlike ouers gebore wees en hulle geslagsregister moes presies verduidelik waarvandaan hulle kom. Dit alles ontbreek by Melgisedek. As persoon het hy wel 'n vader en 'n moeder gehad, maar sy amp het hy nie verkry deur oorerwing nie.
- Hy was ook *"sonder begin van dae of lewenseinde"* [oav]. Dit beteken dat ons niks weet van sy geboortejaar of sterftejaar nie.
- *"Gelykgemaak aan die Seun van God, bly hy priester altyddeur"* [oav]. In sy priesteramp het Melgisedek die beeld van die Seun van God vertoon. Om dit te verstaan moet ons teruggaan na die paradys. Melgisedek se priesterskap het gelyk soos die eerste mense se priesterskap in die paradys. Na die sondeval kon die mens as sondaar nie meer volle priester wees nie. Toe dit so goed as verlore was, het God ingegryp en deur middel van die Levitiese priesterskap vernuwing gegee. Die oorspronklike priesterskap het egter nog eenmaal in Melgisedek opgebloei om daarna onder te gaan, totdat dit in Christus weer herstel sou word. Melgisedek het dus nog 'n oorblyfsel van daardie oorspronklike priesterskap gehad. Nie Aäron nie, maar Melgisedek is wat die priesterskap betref die beeld van Christus. Die orde van Melgisedek is dus die oorspronklike orde, die priesterskap soos God dit ingestel het. Melgisedek was in sy koning en priesterskap dus 'n tipe van Christus. So het Melgisedek se persoon wel weggeval, maar sy priesterskap wat in Christus voortgesit is, bly altyddeur.

apatwr: *wie se vader nie bekend is nie; wie se vader nie werd is om genoem te word nie.*

Die Grieks vir moeder is dieselfde.